

7 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Johannes 3:1-10

Fokusgedeelte: DL, VD 5:6

Sekerheid is nie 'n susmiddel nie, maar 'n aansporing!

Is dit 'n goeie of 'n slegte ding om seker te wees van die ewige lewe? Sal sekerheid nie 'n susmiddel wees wat jou geestelik onaktief laat nie? Die dwaalleraars het so gedink. Hulle het gesê geloofsekerheid is “'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die vroomheid, goeie sedes, gebede en ander heilige handeling. Daarteenoor is dit selfs lofwaardig om daaraan te twyfel.”

Die Sinode het hierdie dwaling verwerp deur vers 2-3 aan te haal: “Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.” Dit is dus baie duidelik dat iemand wat seker is van sy verlossing in Christus nie geestelik aan die slaap gesus sal word deur sy sekerheid nie, maar dat hy homself rein sal hou soos Jesus rein is.

Die sekerheid is dus nie “'n kussing vir die sondige natuur” nie, maar eerder 'n aansporing tot 'n heilige lewe! Dit sien ons baie duidelik by die gelowiges van die Ou en Nuwe Testament, sê ons belydenis: “Hoewel hulle van hulle volharding en saligheid seker was het hulle nogtans in die gebede en ander geloofshandeling volhard.”

Daarom moet ons geloofsekerheid vir ons ook 'n aansporing wees om onself rein te bewaar soos Jesus rein is, om 'n heilige, dankbare en gehoorsame lewe te lei. Dit is twyfel wat verlamrend kan inwerk, nie sekerheid nie. Dit is dus geensins lofwaardig om aan God se beloftes oor jou verlossing te twyfel nie. Sekerheid, daarteenoor, lei tot geloofsdade van dankbaarheid! Kan 'n mens die vrugte van geloofsekerheid in u lewe sien?

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~